# WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!
# 10 JUNIE 2018

ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

## Belangrike datums

18 Junie Doopgesprekke vir Julie
20 Junie Senior Afsluitingsdiens
20 Junie Kuieraand met Kevin Leo ten bate van ons projekte

## Eredienste vandag

**Kerk 08:00 & 10:00**
Ds Hettie Wessels (finansiële terugvoer)
**KIX-kerk 08:00 & 10:00**
Ilze de Villiers
**Kapel 10:00 (Nagmaal)**
Dr Neil du Plessis
**Kerk 17:30**
Ds Ferreira Marais

## Eredienste 17 Junie

**Kerk 08:00 & 10:00**
Ds Kobus Sandenbergh
**KIX-kerk 08:00 & 10:00**
Ds Ferreira Marais
**Kapel 10:00**
Ds Hettie Wessels
**Kerk 17:30**
Dr Neil du Plessis

## SENIORS

**Silwerhoekie**
Silwerhoekie byeenkoms Dinsdag 12 Junie om 10:00 in die Koffiewinkel. Bring al jou algemene kennis saam, asook jou slim vriende en vriendinne! Ons speel ons eie variasie van "30 Seconds". Groep C sal sorg vir verversings by die tee en Johan sal sorg vir musiek om die verjaarsdag maters geluk te wens.

**Bybelstudies (tydens skoolkwartale)**
**Dinsdae**

- Wilgeheuwel Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal. **Navrae: Dr Theo Marais (082 570 0769) of Les Fischer (082 689 8318).**

**Woensdae**

- Seniors: Elke Woensdag om 9:00 in die Koffiewinkel. **Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828)**
- Harveston Aftreeoord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand om 15:00. **Navrae: Ds Kobus Sandenbergh (082 451 1671)**

## JONGWERKENDES

Die Sewe30's Groeigroep kom Woensdae in die Koffiewinkel bymekaar. Vir meer inligting kontak Johandie by 7dertig@gmail.com of 083 393 0707 of Ds Ferreira Marais by 072 804 0621. Ons is op die oomblik besig met die Alpha Kursus, jy is welkom om steeds by ons aan te sluit om 19:00 Woensdag.

## JEUG

KIX KERK
kinders in christus kerk

**KIX: Kleuterkerk (3-6 jaar) in A6**
08:00 & 10:00 (geen tydens Gesinsdienste)
**KIX-kerk (Gr 1 – 6)**
08:00 – 09:20
10:00 – 11:20
**KIX:** 10:00 Engelse klas vir Gr 1 – 6

**JonkX (Gr 7 – 11)**
18:30
**JonkX:** 08:00 Dubbelmedium groep in K4

***Kontak Ilze de Villiers (Muggie) by 082 789 0621 of jeug@ngweltevreden.co.za vir meer inligting.***

## LIEF EN LEED

Indien u van enige lidmaat weet wat deur 'n moeilike tyd gaan of siek is, kontak gerus die kerkkantoor of die Leraar aan diens.

**Diensleraar**
Dr Neil du Plessis 082 346 5238

**Direkteur van Versorging** (M.Soc. Sc in Maatskaplike Werk)
Alda Boer SMS 083 261 2700

**Barnabas diensbeurt**
Anna Vimercati 082 785 6932
Marie van Aarde 082 399 3494

***Voorbidding word gevra vir:***
**Langtermynversorging**

- Gené Brits is ontslaan uit die hospitaal. Haar ma Renette se nommer is 083 232 5837.
- Xander Wentzel het 'n brein gewas en ondergaan toetse. Sy nommer is 082 420 9047.
- Nadine de Klerk word tuis versorg en het weer met chemoterapie begin. Haar nommer is 082 773 0822.
- Tannie Bettie Puts sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 010 596 7323.
- Renske Louw sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 083 627 4004.
- Grizelda du Toit se ma is gediagnoseer met kanker en het met chemoterapie begin. Haar nommer is 072 027 4130.
- Willie Visagie reageer goed op behandeling. Sy nommer is 082 340 4078.
- Johan Eloff sukkel met sy gesondheid. Sy nommer is 072 387 9337.
- Marius van Niekerk ontvang behandeling. Marius se nommer is 083 554 7752. Sy broer, Jan wat 'n sendeling in Mosambiek is, is ook gediagnoseer met Melanoomkanker en behandeling is eers gestaak.

**Ander**

- Antoinette Moolman sterk aan in 'n step-down fasiliteit in Bryanston. Haar nommer is 083 611 4883.
- Juanita Barnard sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 082 335 3316.
- Amelie Pretorius het 'n oogoperasie ondergaan. Haar ma, Chante, se nommer is 071 154 4366.
- Desha Walter is oorlede. Ons innige simpatie aan die familie. Haar seun Corrie se nommer is 083 268 4393.
- Sonet Guy se ma, Dina van Niekerk, sukkel met haar gesondheid. Dina se nommer is 082 696 1438.
- Esme en Hugh Arnott, Viv en Joan Venter, Freda Laas en Naomi en Arend Keyser was almal betrokke in gewapende roof insidente die afgelope paar weke. Ons dink aan almal van julle.
- Ilse en MJ Prinsloo se tweeling is prematuur gebore. Matthys is oorlede en Simon groei mooi in die ICU in die Wilgeheuwel Hospitaal. Ons dink aan julle. MJ se nommer is 084 512 3690.

**Ons nooi jou uit om vir iemand op die Lief en Leed lysie te bid.*

## ELEKTRONIESE BETALINGS

**Snapscan**
Gebruik SnapScan vir:

- Kollekte
- Dankoffers
- Dankfees, ens.

Rekeningnaam: NG Weltevreden
Bank: ABSA Clearwater
Takkode: 632005
Reknr: 7 3058 0460
Verwysing: Voorletters+Van+Waarvoor

****Vir jou gerief is die debietordervorm op die webwerf gelaai.***

## GROEIGROEPE EN BYBELSTUDIES

Indien enige iemand sou belangstel om by 'n Groeigroep of Bybelstudie in te skakel, kontak asb vir Ds Hettie Wessels by 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.

**Woensdae**

- 05:30 vir mans in A1. Dr Neil du Plessis 082 346 5238
- 05:45 vir mans by Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

**Donderdae**

- 08:00 vir vroue in die Koffiewinkel. Ds Hettie Wessels 083 254 6833
- 18:30 Donderdag-kafee vir alle ouderdomme in die Koffiewinkel. Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

**Saterdae**

- 07:00 vir mans in A1. George Louw 082 491 5313

## WAT IS NUUS?

### Dagboek!

Dagboek solank die volgende belangrike datums vir die volgende kwartaal:

| | |
|---|---|
| **31 Julie** | **Koorfees** |
| **1 Augustus** | **Koorfees** |
| **9 September** | **Lente-loffees** |
| **16 September** | **Oupa-en-Ouma Sondag** |

**Mandeladag 2018**

18 Julie is Mandeladag en ons wil graag weer serpe en beanies uitdeel vir die minderbevoorregtes in ons gemeenskap. As jy 'n kranige breier is of selfs 'n beginner, wil ons vra dat jy solank begin brei of hekel vir ons projek. Baie dankie aan almal wat reeds vir ons serpe en beanies gebring het, julle is sterre! ***Ons het spesifiek nog serpe en beanies vir mans nodig***. Ons sal later meer inligting deurgee indien jy betrokke wil raak met die uitdeel op die dag.



## WINTER HOOP

Ons Winter Hoop projek het afgeskop en hierdie jaar wil ons graag 'n paar slaapsakke aankoop vir haweloses. Hierdie slaapsakke word vervaardig uit herwinde advertensieborde se materiaal. Dit is waterdig en kan klein oprol en het ook handvatsels sodat dit oor die skouer gedra kan word. 'n Slaapsak kos R150. Komberse is in hierdie tyd ook altyd in aanvraag, so indien jy nie 'n slaapsak wil borg nie, maar eerder 'n kombers wil skenk, sal ons dit baie waardeer! Vir meer inligting, kontak asb vir Alda Boer, Direkteur Versorging by die kerkkantoor by 011 457 5510.

## PRETWEEK 2018

Pretweek vir ons Graad 1 tot 6'e vind plaas van 9 – 13 Julie. Ons nooi gewoonlik maats van die kinderhuis om saam met ons te kom speel, kuier en leer. **Indien jy graag 'n kind of twee wil borg vir die week**, kontak asb vir Ilze, ons Jeugkoördineerder, by 082 789 0621.

# GEMEENTEBRIEF
**Junie 2018**

## VERHOUDINGS

Ons staan almal in hoofsaaklik drie verhoudings, naamlik jou verhouding met God, jou verhouding met die wêreld en jou verhouding met jouself. Toe ek op universiteit was is daar in die Teologieklas baie klem gelê op die verhouding met God en in Sosiologie, Sielkunde en Maatskaplike Werk baie op die verhouding met die wêreld, wat al die verhoudings soos seksuele verhoudings, jou verhoudings by die werk, jou verhouding tot kos, jou omgewing, jou familie en geld insluit, maar baie minder klem is gelê op die verhouding met jouself.

Die verhoudings is almal in wisselwerking met mekaar, maar indien jou verhouding met jouself sleg is, verg dit 'n ongelooflike klomp energie om al die ander verhoudings in stand te hou en self staande te bly.

'n Persoon sê nou die dag tydens 'n terapiesessie vir my dat sy nie meer weet wie sy is en wat sy vir haarself wil hê nie. Haar lewe bestaan net uit wat die werk, haar man, die kinders en die familie van haar wil hê. Sy het geen drome of belangstellings meer oor nie en veg net daagliks om oorlewing. Daar is nie tyd om oor 'n kind wat sy verloor het te rou en aandag te gee aan die invloed wat dit op haar huwelik het nie. Dit is amper 'n situasie van "don't rock the boat" want as sy dít doen val die hele bootjie dalk om.

Dit bring my by die vraag: Hoe lyk jou verhouding met jouself? En hoe raak dit ander om jou?

- Pas jou masker van selfbehoud so stewig dat jy daagliks oorleef maar daar geen plek vir jouself en ander na aan jou is nie?
- Voel jy so klein dat jy dink daar is nie vir jou plek in die samelewing en dat jy geen bydrae kan maak en daar nie plek, belangstelling of tyd is vir jou persoonlike groei nie?
- Is jou beeld so vol van jouself dat jy ander minderwaardig laat voel? Wat is die rede dat hierdie eiewaarde verwar word met eiewaardigheid?
- Of is jou verhouding met jouself gesond?

Indien wel, koester en voed dit sodat dit kan groei en ander ook daardeur verryk kan word.

Ek sluit ook aan by die sielkundige Stefan Blom wat in sy boek "Die waarheid oor verhoudings" die volgende skryf:

- Praat mooi met ander en met jouself
- Wees gesond lief vir jouself
- Maak tyd en plek vir jouself en
- Jou konneksie met ander hang af van jou konneksie met jouself.

Dus nooi ek jou uit om weer oor verhoudings en veral die verhouding met jouself na te dink en waar nodig aandag daaraan te gee.

Ek sluit af met 'n gedeelte van 'n gedig van Ernest Hemingway wat Ds Kobus na 'n vergadering gebring het, naamlik "Genees my Here":

Hou my in voeling met myself
My behoeftes, my kwaaiheid,
my pyne en foute
Dat ek hulle as my eie kan aanvaar en
hulle nie op iemand anders blameer nie
Here, transformeer my wonde in wysheid
My swakhede in meegevoel, my
skuldgevoelens in openheid
My vrese in vertroue, my beskuldigende
vinger na 'n helpende hand
Herenig my hart en wil en doen, om by U
te wees soos U by my.

**Alda Boer: Direkteur Versorging**